



Maart 23, 2022

Die VN Agenda en Art 235

Met dit wat besig is om te gebeur, veral maar nie uitsluitlik, in Kanada en Australië raak dit duidelik dat lande reg oor die wêreld toenemend tirannies en outokraties word. Hulle volhard in arbitrêre en drakoniese wetgewing om die godgegewe regte van die individue te oortree. Daar is geen ander gevolgtrekking as dat hulle almal saamsweer met die VN Agenda 21 (nou na verwys as Agenda 2030).

Wat is Agenda 21?

Hierdie Agenda is hulle bloudruk om die Nuwe Wêreld Orde (NWO) te vestig. Dit was onderteken deur 179 nasies in 1992 en is ontwerp om totale beheer van elke aspek van menslike leefwyse uit te oefen. D.m.v. die ontwikkeling van Kunsmatige Intelligensie (KI), sal hulle instaat wees om elke beweging te monitor, om individuele krediet graderings te bepaal wat gehoorsaamheid aan sentrale owerhede sal afdwing, 'n sentrale bank met Bitcoin as wêreld kripto-geldeenheid te bestuur, en om mense arm maar "gelukkig" te maak terwyl die mense totaal van regeringsgawes afhanklik sal wees. Hulle is van voorneme om die menslike genepoel vir ewig te verander, om weg te doen met etnisiteit, geslag, en geloof. Hulle ontken God en daag alle Goddelike gesag uit terwyl alle Christelike/ Bybelse waardes wat ons so na aan die hart lê, bespot word. Hulle is reeds besig om 'n inventaris van voedsel, water, minerale produksie, konstruksie, gesondheid, opvoeding, ens. op te stel. Inderdaad hulle doel is om alle menslike bestaan. en dit wat benodig word om te oorleef, te beheer en te monitor. Die agenda is gebou op drie pilare naamlik Ekonomie, Ekologie en Gelykheid. Op die oog af lyk dit onskuldig *maar dit is alles behalwe so*. Die eintlike doelwit is die verarming en verval van groot gedeeltes van die ekonomieë van ontwikkelde nasies. Hulle wil mense van landelike gebiede na digbevolkte stede verskuif waar hulle meer effektief beheer oor hulle kan uitoefen. Asof dit alles nie erg genoeg is nie, kom ons let op na stellings soos gemaak deur twee prominente persone betrokke by die Wêreld Ekonomiese Forum (WEF). Die WEF is op die voorfront vir die opstel van die verhoog vir die NWO. Hier is 'n uittreksel uit die boek "Covid-19 The Great Reset" deur Klaus Schwab, stigter en voorsitter van die Wêreld Ekonomiese Forum (WEC).

"At least four billion "useless eaters" shall be eliminated by the year 2050 by means of limited wars, organised epidemics of fatal rapid acting diseases and starvation. Energy, food and water shall be kept at subsistence levels for the non-elite, starting with the White population of Western Europe and North America and then spreading to other races. The population of Canada, Western Europe and the United States will be decimated more rapidly than on other continents, until the world population reaches a manageable level of one billion, of which 500 hundred million will consist of Chinese and Japanese races, selected because they are people who have been regimented for centuries and who are accustomed to obeying authority without question. From the time there shall be artificially contrived food and water shortages and medical care to remind the masses that their very existence depends on the good will of the Committee of three hundred."

Yuval Noah Harari, hoof raadgewer en beskryf as die bose meesterbrein agter Klaus Schwab het die volgende te sê:

“Dictators always dreamt about completely eliminating privacy, monitoring everybody all the time and knowing everything you do. Not just everything you do, but even everything you think and everything you feel..... They could never do it because it was technically impossible; now it's possible”.

Die Oorlog in die Oekraïne

Talle beskou die inval van die Oekraïne deur Russiese magte as die verwesening van profesie. Met die impak van die Covid plandemie waarskuwings vra baie die vraag – ‘word hierdie oorlog nou deur die NWO gebruik as deel van hulle Groot Herstel program?’ Net soos met die Covid begreping, word die Oekraïne oorlog gebruik as ‘n metode om wêreldburgers te verarm terwyl hulle in hedonistiese oorfloed baai tot die nadeel van die res. Dit word daagliks moeiliker om waarheid van leuns te onderskei en om van gemanipuleerde massa psigose te ontkom. Hierdie omstandighede kanselleer nie die plig van Christene om die waarheid bloot te lê nie, om geregtigheid in stand te hou nie, en om die sout en lig te wees deur die waarheid reg oor die aarde heen te versprei nie.

Wat doen die CDP?

Die Grondwet van Suid Afrika - vermeld in 1996 as die beste in die wêreld - vervat Artikel 235 “Selfbeskikking” en ons haal aan:

“Die Suid-Afrikaanse bevolking as geheel se reg op selfbeskikking soos in hierdie Grondwet vergestalt, belet nie, binne die raamwerk van dié reg, die erkenning nie van die konsep van die reg van enige gemeenskap wat 'n gemeenskaplike kultuur- en taalerfenis deel, op selfbeskikking binne 'n territoriale entiteit in die Republiek of op enige ander wyse, soos deurnasionale wetgewing bepaal.”

Met inagneming van wat in VN Agenda 21 (nou bekend as Agenda 2030) vervat word en die baie duidelike doelwit om 'n gesentraliseerde NWO teen 2030 te vestig, het die CDP dit op ons self geneem, in 'n brief aan die Speaker van die Parlement, om aan te dring dat die Nasionale Parlement dadelik die aandag sal verleen om die uitvoerende wetgewing vir hierdie artikel te realiseer.

Ten afloop van navorsing rondom verskeie opsies om 'n voorspoedige en vreedsame Suid Afrika te bewerkstellig is dit die CDP as party se slotsom dat 'n Konfederale stelsel van regering die beste sal wees. Hierdie slotsom steun op die Switserse model. Switserland word deur baie as die mees demokratiese land bejeen met die hoogste per kapita inkomste ter wêreld. Switserland bestaan uit verskeie etniese groepe waaronder Duitsers, Franse, Italianers en Reto-Romaanse wat almal in vrede woon onder die Kantonstelsel. Die CDP is oortuig dat so 'n regeringsstelsel van gedesentraliseerde selfbeskikking geskik is vir Suid Afrika en dit is ons voorneme om vorentoe meer hieroor bekend te maak.

In samevatting

Openbaring 14:5-7 “En in hulle mond is daar geen bedrog gevind nie; want hulle is sonder gebrek voor die troon van God. En ek het 'n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met 'n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke. En hy het met 'n groot stem gesê: “Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het”.

Ons koester julle gebede en julle ondersteuning.

Johannes Meintjes (CDP Kerkskakeling) liaison@cdp.org.za

Namens die Leier van die CDP, Ds Theunis Botha